Die laaste sê

Enige e-pos wat versoek dat ek dit vir ten minste tien mense moet aanstuur om ewigdurende geluk te ervaar, beland gewoonlik baie vinnig in my *deleted items folder*.

'n Lekker soetsappige een wat my tog laat dink het, vertel die storie van 'n man wat met sy duur Duitse motor deur 'n bedenklike agterstraat moes ry. Skielik sien hy 'n seuntjie op die sypaadjie met 'n stuk baksteen in sy hand en hoe dit - doef! - sy kar tref.

Hy trap hard rem, spring uit die kar en storm op die knapie af. Die seuntjie lyk self windverskrik en verduidelik stotterend hoe hy gesien het hoe 'n bus vanaf 'n systraat ontsettend vinnig op die pad waarin die man gery het, afgepyl het. Skree sou nie help nie en daarom het hy die naaste beste ding gevat en die man se kar daarmee gegooi om sy aandag te trek.

So het die seuntjie heelwaarskynlik die man se lewe gered. Die man het met sy sierwa bly ry, maar het glo nooit die duik laat regmaak nie want dit moes hom herinner aan hoe sy lewe gered is.

My kar het ook 'n duik in. So op die neus regs voor. Goed, die omstandighede was minder edel. Op 'n snikhete dag in 'n besige parkeerarea trek ek onder een van net drie bome in - ek kon my geluk nie glo nie. Net om 'n paar uur later te sien dat 'n tak uit die boom op my kar geval het.

Die duik is nog steeds daar, amper twee jaar later.
Dis een van daardie wat gelukkig nie te opsigtelik is nie en wat jy wéét jy moet regmaak, maar jy't nie nou geld daarvoor nie. Buitendien gaan die ouens heel moontlik met 'n storie kom dat die hele paneel vervang moet word en die versekeraars gaan sê ek moes vroeër gekom het, ensovoorts. Nou ry ek maar eers so met hom.

Feit is, daar's wraggies net elke keer iets wat meer dringend is as om daai duik te laat regmaak.

Baie mense het duike in hulle karre, of dalk 'n stokou oond wat jou kos in Fahrenheit verbrand, 'n wasmasjien wat jou Vadersdag-sokkies opvreet of daai matte in die gang wat vrotgetrap is. Of wat van daardie jeans wat darem nou al te styf sit en jy voor die TV die boonste knoop losmaak om die druk te verlig?

Ons maak ons duike nie reg nie, want daar's 'n verjaarsdagpresent wat gekoop moet word. Nuwe rugbystewels vir jou seun wat gekies is vir die Noord-Kaap Junior Cravenweek-span. Sussie se matriek-afskeidrok. Ouboet se swottings wat moet klaar of jou neef wat weer op die been moet kom na sy aflegging by die werk. Jy hou aan om daardie blinkgestrykte, uit die modebroek te dra, want jy moet weer jou bejaarde ma se *geyser* gaan regmaak. Jy eet elke dag jou peanutbutter-toebroodjies in plaas van *take-aways* want jy spaar vir jou dogter se troue. Die lys is lank.

Ons het almal iets wat ons so probeer wegsteek. Iets wat elke keer agtertoe in die ry moet gaan staan as gevolg van meer dringende sake. En baie keer is dit iets wat ons aan eie lyf kan voel.

Maar dalk moet ons dit nie meer wegsteek nie – al dink wie ook al wat. Eintlik is dit iets om op trots te wees, want dit simboliseer iets kosbaars: Opoffering.

En dis iets wat gevier moet word!

Ons moet spog met ons ou goed, met ons klere wat nie meer in die mode is nie. Ons moet vir mekaar kan sê whê, my yskas is tog ouer as joune want my kind het gholflesse! As jy daai Provitas hap, nog 'n maand met die grys hare saamleef voordat jy weer haarkleursel koop, as jy besluit om nog 'n seisoen uit daai Melton Jacket te probeer tower of Frikkie van langsaan nog 'n kans gee om jou tjor in sy garage te probeer red – dan moet jy glimlag want jy doen dit met iets anders in gedagte.

Maar dan moet ons opofferings natuurlik bo verdenking wees! Kom jy laat in die aand by die huis net sodat jy daai monster van 'n 4x4 kan ry? Miskien is dit nie die regte tipe opoffering nie! En nee, dis ook nie om 4-uur die oggend op te staan om die rugbywedstryd teen die Kiwi's te kyk nie.

En as jy nie opofferings het om te maak nie? Kry vir jou iets waarvoor jy kan *suffer* man! Dit gaan hier oor die bo en behalwes. Om die ekstras te laat gaan sodat jy genoeg het om iets spesiaals mee te doen. Om, as iemand lag vir jou grassny tekkies wat jy winkel toe dra, te sê dat jy hulle nog 'n seisoen dra omdat jy 'n vigswesie finansieel ondersteun. Of om saam met drie irriterende ouens elke dag werk toe te ry in 'n saamryklub sodat jy iemand geldelik kan borg wat by 'n gemeenskapsprojek werk.

Dis om iets seer aan jou eie lewe te voel sodat jy iemand anders gelukkig kan maak.

Vier jou opofferings!
Martin

Het jy in die US-koor gesing?

Die Stellenbosch Universiteitskoor vier hul 70ste verjaarsdag in 2006. 'n Reünie word beplan vir die naweek van 22-24 September in en om die Endlersaal, Stellenbosch.

Saterdagaand word konsert gehou in die Endlersaal waartydens al die koorleiers wat nog leef, die reüniekoor sal dirigeer. Die musiek vir die naweek sal vroeg in 2006 op die webwerf van die koor beskikbaar gestel word by www.sun.ac.za/koor

Skakel Lydia Meier vir enige navrae, tel en faks: (021) 808 2381, selfoon 082 468 0652 en e-pos: us_koor@sun.ac.za

Next time in Matieland

Stars in his eyes

Alumnus Japie van Zyl is the Director for Astronomy and Physics at NASA's Jet Propulsion Laboratory in Pasadena, California.
Japie was a Matie from 1975 - 1979 when he studied Electronic Engineering and was a member of Huis Marais. After his military service, he went to the California Institute of Technology in Pasadena, California, where he earned his Masters and PhD Degrees, both in electrical engineering.